



# Cabo Delgado val uitmekaar –

Jou Geskenke kan dit Verander

**2**50 000 mense woon tans as vlugtelinge in hulle eie land. Islamitiese militante het gelowiges in hierdie provinsie in die noordelike dele van Mosambiek gebombardeer. Die noordelikste provinsie in Mosambiek is Cabo Delgado - dit is op die grens van Tanzanië geleë.

Die situasie in hierdie provinsie het sedert 2014 geweldig vererger. Dit is as gevolg van die ekstremistiese Moslem-groep, Ahlus Sunnah wal Jamaah, wat saam met Isis (Islamitiese Staat) 'n terreurregime begin het. Hulle het reeds meer as 1100 mense wreed vermoor.

## DIE JEUG WORD BEINVLOED

Hierdie Islamitiese militante werf en teiken die jeug om by hulle aan te sluit. Baie jong gelowiges wat weier om die Islam geloof aan te neem en saam met die rebelle te veg, word gemartel en die meeste van hulle word vermoor.

Die jaar 2020 sal eerder in Mosambiek onthou word as die jaar wat gelowiges geweldig aangeval en vervolg is. Terwyl die res van die wêreld die COVID-19-pandemie sal onthou. In Mosambiek het hierdie wrede aanvalle 'n baie sleger effek gehad as die Coronavirus.

## DIE SITUASIE WORD ERGER

Terselfdertyd is daar 'n gebrek aan toegang tot skoon water en sanitasieriewe. Dit is deur oorstromings en swaar reën veroorsaak. Dit het ook geleid tot 'n cholera-

uitbreking, met meer as 1200 gevalle en 18 sterftes in die provinsie. Erge voedsel-onsekerheid het ook toegeneem as gevolg van die kombinasie van Sikloon Kenneth, oorstromings en geweld.

Proewe, verdrukkings en vervolging is baie ernstige probleme en 'n konstante stryd vir gelowiges in die noorde van Mosambiek. In Matteus 5: 10 word ons daaraan herinner dat gelowiges sedert Bybelse tye vervolging ervaar het: "Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

## GELOWIGES IN MOSAMBIEK HET JOU NODIG

Tree in vennootskap met Harvesters Ministries en maak 'n impak in die noorde van Mosambiek. Jou geskenke sal tot oorwinnings vir God se Koninkryk in hierdie belangrike en strategiese streek lei. Die Evangelie is hier broodnodig soos nog nooit vantevore nie. Ons kan nie die massas sonder jou hulp bereik nie.


Harvesters Ministries het die geleentheid om gelowiges in Mosambiek te bereik. Ons moet leraars in Evangelisasie, Dissipelskap en Kerkplanting oplei. Hulle moet toegerus word om 'n verskil in hulle gemeenskappe te maak. ☩

## Ook in hierdie uitgawe:

**2** Globale Pandemie of Herlewing?

**4** Kerkleiers in Suidoos-Asië Oorwin Struikelblokke.





# Globale pandemie of herlewing?

Dit is beslis 'n vreemde en interessante jaar. Niemand kon voorspel dat 'n wêreldwye pandemie ons almal sou tref en beïnvloed nie.

Ten spye van dit alles – is 2020 'n jaar van feesviering vir Harvesters Ministries. Ons vier 20 jaar van kerkplanting. Niks hiervan sou moontlik wees sonder jou ruim geskenke van die afgelope 20 jaar nie.

Dit was ongelooflik om te sien hoe God Harvesters Ministries uitgebrei het van 1 kerk in Malawi tot meer as 70 000 kerke wêreldwyd. Danksy God se genade vind

pastorale opleiding tans in 43 tale plaas – dit was 20 jaar gelede slegs 'n droom.

## VREES KOM NIE VAN GOD AF NIE

Toe die pandemie aangekondig is en alle internasionale reise gekanselleer is, was dit menslik om onseker te voel,



*Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop vir onbereiktes om Jesus te kan ken.  
Jy het onlangs gehelp om gemeenskappe in Suidoos-Asië te verander. Dankie vir jou geskenke en gebede!*

maar ons geloof is in God. Vrees kom nie van God af nie – moenie vir die duivel ‘n geleentheid gee om jou aan te val nie.

Die frase “Moenie bang wees nie” staan 365 keer in die Bybel. Dit is ‘n daaglikse herinnering dat ons ons hoop in Jesus moet plaas en nie in vrees moet leef nie.

Ten spyte van al hierdie struikelblokke het God nuwe geleenthede vir ons geskep om kerkleiers in Evangelisasie, Dissipelskap en Kerkplanting op te lei. Al hierdie opleiding vind tans plaas via tegnologie en die meeste van die inperkings word nou afgeskaf. Dit is nou moontlik vir plaaslike kerkleiers om na dorpies te reis en die Evangelie met ongelowiges te deel.

### MENSE IS HONGER VIR DIE WAARHEID

Hierdie wêreldwye pandemie het tot ‘n wêreldwye herlewing gelei. Baie mense plaas hulle hoop in wêrelde dingte in plaas daarvan om hulle geloof in Jesus Christus te plaas. Hierdie pandemie het mense laat soek na die Waarheid. Mense is honger vir Jesus - hulle wil ewige hoop hê en met sekerheid weet dat hulle gered sal word sodra hierdie pandemie verby is.

Een getuienis uit Mianmar het ons diep geraak. Die Birmaanse regering laat weer publieke byeenkomste toe. Baie van die kerkleiers het hierdie geleentheid aangegryp om na buurdorpe uit te reik. Kyar\*, ‘n leraar van Mianmar, het gesê dat mense gretig is om die Goeie Nuus te hoor. Baie mense, jonk en oud, het Jesus Christus aangeneem as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker.

Baie van hierdie kerkleiers het ook broodnodige hulp ontvang. Die Coronavirus-pandemie het mense in haglike omstandighede gelaat. Baie leraars en hulle gesinne het honger gely en gesukkel om kos op die tafel te sit. Dit was vir hulle onmoontlik om geld te verdien tydens die inperking.

Danksy lojale donateurs was dit moontlik om hierdie leraars en hulle gesinne met broodnodige kospakkies te bereik. Hierdie gesinne het van die geleentheid gebruik gemaak en het die bietjie wat hulle gehad het met hulle bure gedeel. Baie van hierdie gesinne wat hulle gehelp het, was ongelowiges en het Jesus Christus aangeneem nadat hulle hierdie openhartige vrygewigheid ervaar het.

### JOU GESKENKE MAAK ‘N IMPAK

Gedurende hierdie moeilike tye is dit uiters belangrik om God se Koninkryk in sommige van die moeilikste en mees afgeleë plekke te bou. Jou geskenk van R1 800 sal die opleiding van een kerkleier borg. Hy sal ‘n Bybel in sy moedertaal ontvang, ses modules voltooi en minstens drie kerke in sy gemeenskap plant.

Soos ons in 2 Korintiërs 5:20 lees: “Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons ‘n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!”

Dit is belangrik om gemeenskappe te verander. Mense wat Jesus liefhet, sal ander met liefde behandel; hulle sal nie ‘n ander persoon vermoor, verkrag of leed aandoen nie.

[Lees hierdie storie op ons webblad >](#) 



Danksy getroue ondersteuners soos jy, kon leraars wat kospakkies ontvang het, hulle voedsel deel met ongelowiges in hulle areas.



# Kerkleiers in Suidoos-Asië Oorwin Struikelblokke

**O**ns het net die hoogste respek vir baie van die kerkleiers in Suidoos-Asië. Hulle verstaan nie net kerkplanting in teorie nie - hierdie kerkleiers is bereid om alles in hulle vermoë te doen om verlore siele te bereik. Hulle reis op smal en modderige paaie. Dit kan slegs met deursettingsvermoë en vasberadenheid gedoen word. Slegs die Heilige Gees kan hulle hierdeur lei.

Baie van hierdie kerkleiers leef self in vreeslike armoede; hulle besit nie motors om op hierdie paaie te ry nie. Hulle ry gewoonlik met klein motorfietse en in sommige gevalle met fietse.

God se Koninkryk moet dringend in hierdie streek uitgebrei word. Gelowe soos Boeddhistisme en Islam word deur die meerderheid van die mense in hierdie streek beoefen. Jou geskenk kan gemeenskappe in Suidoos-Asië verander. Oorweeg dit asseblief biddend om vandag 'n donasie te maak deur die volgende skakel te volg:

<https://harvestersministries.com/en/donate/>

## Maak kontak met Harvesters Ministries op enige een van hierdie platforms:

Facebook – <https://www.facebook.com/harvestersmin/>

Instagram – [www.instagram.com/harvestersministries](https://www.instagram.com/harvestersministries)

Website – [www.harvestersministries.com](https://www.harvestersministries.com)

Laat weet ons asseblief indien jy sou belangstel dat Harvesters Ministries 'n gratis Dissipelmakers kursus by jou gemeente kom aanbied – [info@harvestersministries.com](mailto:info@harvestersministries.com)

Volg die Harvesters Ministries **YouTube Kanaal** – soek na "Harvesters Ministries" of volg die skakel hieronder:  
<https://www.youtube.com/channel/UCyz8qUBr4Gw2G-4cNbLQtkw>

icons by Vecteezy.com

**Harvesters**  
MINISTRIES

[www.harvestersministries.com](http://www.harvestersministries.com)

WhatsApp: **064 809 6326**  
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629** of **011-955-1814**

E-pos: [info@harvestersministries.com](mailto:info@harvestersministries.com)

Posadres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**  
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130 • Suid-Afrika**

### Bankbesonderhede

### vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries

ABSA Bank

Rekeningnommer: 4075041297

Takkode: 632005

Verwyssing: NET120WEB

### Meer Opsies om te Gee:

Besoek ons webblad [www.harvestersministries.com](http://www.harvestersministries.com)

of gee via Zapper of SnapScan ...

**zapper™**

**SnapScan**



Baie dankie vir jou ondersteuning!